

**16 Desember**

**Skrifgedeelte: Lukas 1:26-38**

**Fokusgedeelte: Lukas 1:32**

**Dien Jesus Christus opreg en met vreugde**

Die engel Gabriël laat hoor verstommende nuus aan 'n verbysterde jong meisie met die naam Maria: "Jy gaan 'n seun in die wêreld bring. Hy gaan uniek wees! Jy moet Hom die doodgewone Joodse naam Jesus gee, maar Hy gaan die enigste wees wat die betekenis van sy naam werklik gaan vervul – "die Here verlos." God gee self die Naam en Hy sal deur hierdie Seun van Hom die naam werklikheid laat word.

Die Allerhoogste het deur al die eeue woord gehou en sy belofte aan Adam en Eva in die paradys gestand gedoen. Op die regte tyd het ons hemelse Vader sy Seun as die Redder van die wêreld in die skoot van Maria neergelê.

Maria en haar Seun sou volgens Joodse wet deel wees van Josef se familie. Josef was deel van Dawid se nageslag. Die beloftes wat aan die Messias-koning uit die geslag van Dawid toegesê was (bv. in 2 Sam 7 en Ps 2), was op Jesus van toepassing.

Oor bietjie meer as 'n week is dit Kersfees, en dan vier ons die geboorte van die Here Jesus, ons Redder en Verlosser. 'n Feesviering is gou verby – maar ons verhouding met ons Verlosser moet vas en diep en intens wees.

Bely Hom elke dag van jou lewe as jou Verlosser en Koning en dien Hom opreg en met vreugde.

*Sing: Psalm 2:6 (Totius)*

*Ds Arnold H Mulder (Emeritus)*